## Proloog

Daniël de Lange is oortuig dat hy ʼn sesde sintuig ontwikkel het na hulle laaste terapie sessie saam. Hy kon aanvoel wanneer sy vrou, Lené de Lange hom roep. Al was daai roep net in haar gedagtes. Dr Stefanus Buitendag het hulle vir drie volle ure in ʼn *Imago* dialoog met mekaar gehou. Na die ontvanklike ongemak en verleentheid, waarvoor die intense kommunikasie tegniek berug is, het Daniël en Lené de Lange mekaar se wêrelde betree soos nog nooit tevore nie. Hulle het elke situasie bespreek, elke emosie verwoord, elke vrees ontlont en elke droom met mekaar bekoor. Dit het gevoel of hulle naak in mekaar se wêrelde rondgeloop het sonder om enige skaamte te ken.

Gewoonlik sou hy nog so twee ure agter sy rekenaar spandeer, terwyl Lené in die bed aan die slaap raak onder haar dik liefdesroman, maar nie meer nie. Nie as hy kan aanvoel hoe sy beminde vrou hom roep nie, na hom smag en hom begeer nie.

*< > stoor </>*

*< > sluit af </>*

Daniël de Lange stap weg van sy nuwe program wat hy al vir die laaste paar maande eksklusief aan werk. Hy het geweet dat dit nog ʼn paar weke se deurnag-kodering gaan verg om ʼn werkende prototipe te hê, maar vanaand antwoord hy op Lené se deurnag planne.

Hy loop saggies in hulle slaapkamer in, nie seker of Lené al slaap nie. ʼn Glimlag verskyn op sy gesig. Lené is nie aan die slaap nie. Sy is nie besig om boek te lees nie. Sy hét hom geroep. Die lakens is alreeds halfpad oopgetrek deur Lené om haar naakte liggaam onder die lakens te adverteer.

"Welkom, my liefdesheld." Verwelkom sy hom deur die lakens heeltemal van haar lyf af te haal.

Daniël neem ʼn oomblik om die kaal vrou in sy bed in te neem. Haar lyf is die perfekte uiterlike vir haar goddelike innerlike. Die spreekwoordelike binne en buite mooi. Haar ligte vel skoon van enige merk of vlek. Haar plat maag ferm. Haar arms en bene elegant. Daniël kan nie help om haar ligte blou naelpolitoer op haar vingers en tone te sien nie. Nie dat dit die kleur is wat die beste by haar pas nie, maar dit is die tipe vrou wie Lené was; pret. Sy het nie die lewe te ernstig opgeneem nie. Sy het elke sekonde van haar bestaan ten volle geniet, en vandat haar man ingestem het vir berading, kan sy ook elke oomblik van haar huwelik met haar liefdesheld geniet.

Daniël kan aflei dat die ligte blou naelpolitoer beteken dat Lené in ʼn speelvolle bui is en dat dit ook ʼn lang deurnag aand vir hom gaan wees. Lené kan sien hoe Daniël se oë op haar tone vasgenael bly. Sy moedig ʼn verdere bewondering van haar lyf aan . Daniël se staar in die lang deurnag word verbreek om sodoende sy oog-tot-lyf bewondering van haar liggaam voort te sit. Haar bene is glad geskeur.

Lené hou sy oë dop en kan sy strak kyk op haar bene voel. Hoe dit stadig boontoebeweeg. Soos sy die staar van haar

man op haar binnebeen voel, sprei sy haar bene oop, om sy staar te delinieer na haar honger vir hom.

Daniël het ŉ ongemak in sy denim begin voel en een tree nader geneem. Lené weet presies waarvoor hy vra: permissie om uit te kom en saam te speel. Sy kyk eers op in sy oë in om te bepaal hoe lank sy hom nog honger kan los, maar dit is haar eie begeerte vir hom wat nie meer langer wil wag nie. Met haar ligte blou geverfde naels maak sy speel vol sy denim los. Soos sy die zip aftrek, kan sy sien hoe Mnr de Lange vir haar op aandag staan. Met haar linker hand glip sy hom meestervol uit en laat hom die koue lig van die kamer voel. Die are klop soos wat dit die nodige bloed soos troepe na sy ereksie aanjaag. Sy pluk hard genoeg om Daniël van sy balans af te kry en saam met haar op die bed te val.

Daniël se voorspelling is akkuraat. Dit was sowaar ŉ deurnag en as hy dit kon oorkry, as hy geweet het wat hy nou weet, sou hy nooit opgehou het nie, sou hy nooit sy oë toe gemaak het nie, sou hy vir altyd vir Lené kyk. “Mnr de Lange, my liefdesheld.” Het Lené, met haar soetstemming stem, hierdie sin in sy siel geplant. Sy hoef dit nie te gesê het nie, want hy kon haar bevrediging in haar koperbruin oë sien. Dit is dan ook hoe hy aan die slaap raak, in die middel van hulle oogkontak.

Daniël druk die wekker op die tweede lui dood en asem diep in om só die nuwe dag te verwelkom. Sy hart is vol vreugde en warmte. Hy draai om om Lené wakker te soen, net om haar kant van die bed leeg te vind, netjies opgemaak of altans nooit eers omgekrap nie. Daniël kan voel hoe sy droom

besig is om weg te glip uit sy bewuste. Hy forseer sy oë toe en probeer herhaaldelik om die droom te gaan haal. Háár te gaan haal. Maar sy is weg. Dit is net hy in hulle bed. Dit was die hele aand net hy in die bed. Dit is al reeds vir ’n hele ruk net hy in die bed.

Hy haal weer diep asem. Dié keer nie omdat hy die oggend verwelkom nie, maar eerder nou moét trotseer. Hy gaan homself soos elke oggend, uit die bed dwing, met die enigste ding wat hom nog aan die lewe hou. Die enigste ding wat hom na aan haar laat voel. Die enigste ding wat vir hom betekenis in sy smart bring.

Die sin wat sy oor en oor in sy siel geplant het. Die rede vir sy voortbestaan.

Daniël de Lange, die liefdesheld.

**Meer oor Daniël de Lange - Liefdesheld**

Daniël de Lange sit agter sy rekenaar skerm en staar na die laaste kodelyn wat hy 20min gelede geprogrammeer het. Hy het gedink hy sal meer opgewonde wees wanneer hy hierdie nuwe obsessie van hom klaar geprogrammeer het. Maar nee, hy voel niks. Geen gevoel van vervulling of trotsheid nie. Absoluut niks nie. Al het hy nog nie 'n nuwe gevallestudie deur die program geanaliseer nie, weet hy dat die kodering nou stabiel is. Sy program werk.

Sy program gebruik duisend ter duisende algoritmes om menslike gedragspatrone te bepaal en te voorspel en dan met die gebruik van *reverse engineering* analiseer sy program die gegewe data deur miljoene verskillende algoritmes om terug te werk vanaf die gedragspatroon tot die moontlik emosionele oorsprong. 'n Program wat nie net in die toekoms van iemand se karakter kan kyk nie, maar ook terug in sy verlede, al die pad tot in sy kinderdae. Sy program is revolusionêr. Dit verduidelik hoekom 'n persoon sal optree soos hy doen en wat is die motivering van daardie gedrag. Sy program het die potensiaal om al beraders se werk eendag argaïes te maak.

Maar hoekom maak dit hom nie opgewonde nie? Hoekom is hy nie bly nie. Waarom moet hy hierdie innerlike gevoel beveg om die hele program summier uit te vee? Die antwoord was vir Daniël de Lange voor die handliggend, maar hoekom kan hy dit nie glo of aanvaar nie? Hy het dan sý

data, sý storie, sý huwelik deur die program geanaliseer, dag na dag. Hy ken die antwoord. Al die uitslae is elke keer presies dieselfde, maar steeds voel dit vir hom of hy iets mis. Wat is dit?

Dit maak in elk geval nie saak nie. Nie nóú meer nie. Lené is weg en sy kom nie weer terug nie. Dis verby, sy huwelik is verby.

Daniël strek vir die glas rooi wyn langs die sleutelbord.

*Shit*

Rooiwyn spoel oor sy skerm en sleutelbord. Die rekenaar skerm flits so paar keer en gaan swart.

*Shit Shit*

Daniël gryp sy *laptop* en draai dit onderste bo. Die rooiwyn vloei uit die kant van die *laptop*. Hy slaan die rekenaar neer op die lessenaar en gee die sleutelbord ŉ harde klap. Iewers gebeur daar ŉ kortsluiting en ŉ elektriese stroom skiet van uit die blykbare dooie rekenaar en skok Daniël de Lange bewusteloos.

Wat Daniël de Lange ŉ geruime tyd hierna geneem het om presies agter te kom wat gebeur het, het hom net die volgende dag gekonfronteer met sy nuwe super-kragte. ŉ Superman wat nie kan vlieg of staal buig of lasers uit sy oë kan skiet nie, maar iemand wat in ander mense se lewens kan ingaan om hulle gedragspatrone te herprogrammeer. Op een of ander manier het hý wie Daniël de Lange is, in sy eie rekenaar program verander. Die gedragsanaliseringsprogram

het tydens die rooiwyn elektriese stroom skok 'n biogenetiese transformasie in sy DNS ge-muteer.

Wat Daniël de Lange oor die loop van die volgende paar gevallestudies wat hy deur sy rekenaar program geanaliseer het, agter gekom het, was dat sy lewe nooit weer dieselfde sal wees nie. 'n Avontuur, 'n super-krag, maar ook 'n vloek. 'n Vloek wat dit vir hom moontlik maak om met sy eie hartseer saam te lewe.

Van daardie dag af, elke keer wanneer hy data deur sy gedragsanaliseringsprogram stuur, sal hy, of altans net sy psige in die teiken persoon se liggaam ingaan. Dit is nie 'n permanente verplasing van siele nie. Of altans nie eens 'n volle verplasing in die verruiling sin van die woord nie. Die persoon wie se liggaam hy sou oorneem, gaan in 'n tipe *limbo* in, waar hy een lang droom het. Dis darem ook nie 'n gewone droom nie. As die teiken persoon ontwaak vanuit hierdie *limbo*-droom is hy/sy ook herbedraad, herprogrammeer. Al sy/haar ongesonde en negatiewe gedragspatrone word dan herprogrammeer, in 'n gesonde holistiese individue s'n.

Die vloek van hierdie superkrag is veelsydig. In elke nuwe huwelik wat hy betree, sal hy verlief raak op 'n vrou wie nie syne is nie en wie nooit hom as Daniël de Lange sal raaksien nie. Sy liefde sal nooit gedeel word nie. Na die afloop van elke missie sal hy met die verwerping en seer van 'n liefdesopbreek mee moet sit. Dit is nie net die verwerping en die eensydige liefde wat Daniël de Lange mee moet worstel nie. Daniël de Lange is ook nou belaai met wat ook al die teiken persoon se slegte gedragspatrone was, wat dit vir hom

absoluut onmoontlik maak om ooit weer sy eie persoonlike geluk in liefde te vind.

Maar soos wat hy al in ’n boek iewers gelees het, *“Better to have loved and lost, than never to have loved at all.”* Die honderde huwelike wat hy al gered het, bied darem ook vir hom genoeg troos om sy superkragte vir nog ’n volgende missie te gebruik.

**Hoofstuk 1**

Daniël de Lange sit gebuk oor sy rekenaar met die Potgieters se lêer voor hom. Petrus en Amanda Potgieter.

"Amanda. Amanda, waar draai jy?" bulder Petrus se stem vanuit die slaapkamer.

Amanda skarrel nog so bietjie in die kombuis rond. Sy het gehoop hy slaap al teen die tyd wat sy kamer toe kom. Sy lag bitterlik vir haarself. Wanneer het daardie plan ooit gewerk? Dalk wanneer hy een te veel Klippies en Coke weggeslaan het, maar dán word hy in die middel van die nag wakker met net één ding op die brein.

'n Lang uitgerekte sug verlaat haar liggaam.

Sy weet as sy nie nou kamer toe draai nie, gaan hy haar kom haal. Laat sy maar eerder gaan. Dit is tog haar huweliksplig. Sy lag weer vir haarself. Huweliksplig. Seker 'n man wat dit uitgedink het. Nee, nee, dit staan so in die Bybel, korrigeer haar geestelike dogma haar. Sy wens soms dat sy soos haar vriendin Karien kan kla oor droogheid, of Yolandi van kroniese urine infeksie of hierdie nuwe ding wat almal van praat, vaginismes, waar alles net toemaak en niks in laat nie. Sy voel om 'n groot "*Out of business*" bordjie om, "daai-plek", te hang.

Sy sug weer.

Nie dat Petrus vir enige van daardie redes sou stop nie. Nie eens haar trane op hulle wittebrood aand het hom gekeer nie. "Amper klaar" herinner sy soos wat sy hom ook

antwoord. Sy moet eintlik dankbaar wees dat alles daar onder werk. Dit maak haar huweliksplig darem draagbaar.

Amanda skakel al die ligte af in die huis soos sy slaapkamer toe beweeg. Sy is reeds in haar nagrok.

“Waar was jy?” verwelkom hy haar in die bed. “Ek is al besig om sag te word” lag hy vir sy eie grap.

Hy trek haar nader en druk sy klipharde ereksie styf teen haar. “Daarsy. Hard soos staal vir jou” sê hy met trots.

Amanda wonder in haar kop oor die woorde “vir jou”. Bedoel hy dit is “vir my”, soos ’n geskenk, iets wat ek voor gevra het of selfs soek? Of is die “vir jou” omdat ek dit vir hom doen. Maar hoe de hel? Ek was nie eers in die bed nie. Vir haar voel dit asof Petrus met ’n konstante paal in sy broek rondloop. Hoe de moer kry hy dit reg? “Vir jou” sy lag weer so effens.

Haar satyn panty is reeds afgetrek tot haar knieë, sy hand is op haar. “Wanneer gaan jy weer vir ’n *wax*, hmm? Hierdie tuin van jou is besig om in ’n woud te verander.”

Sy het nie nodig om hom te antwoord nie. Hy hoor nou niks. Hel, sy hoef niks nou eers te doen nie. Al wat van haar verwag word is om net daar te lê en wag dat dit verby is. Sy lag weer by haarself. Dit vat gewoonlik nie baie lank nie.

Haar liggaam beweeg op en af op haar kussing en sy voel Petrus se gewig op haar lyf, maar meer as dit voel en beleef sy niks nie. Sy wonder soms of sy meeste van die aande ooit werklik daar is saam met haar man in die bed. Om die waarheid te sê, voel sy nie net in die slaapkamer nié daar nie, sy voel so deur die hele dag. Wie is Amanda? Waarvan hou

hierdie vrou Amanda? Hoe het sy haarself hier bevind? Dit was tog haar eie keuses en besluite. Dit is nie asof Petrus ’n slegte man vir haar is nie. Hy sorg goed genoeg vir haar en die kinders. Hy is ’n gelowige man. Hy slaan haar darem nie, en tog het hulle al oomblikke van geluk gehad.

Sy probeer *detail* onthou, maar dit is tevergeefs.

Haar gedagtes is toegewasem met ’n dofheid wat sy net nie kan afskud nie. Sy kan wel onthou dit is hoe sy haar ma nog al die jare ervaar het. Vriendelik genoeg en netjies en bymekaar gevat, maar ’n dofheid in haar oë en aksies. Sy het nog altyd gewonder of haar ma nie ’n *zombie* of een of ander robot was nie. Al haar reaksies en dingetjies het so outomaties en geprogrammeer voorgekom. Voor sy met Petrus getrou het, het haar ma haar neer gesit en mooi die leviete voorgelê. Reëls, protokol, pligte, verantwoordelikhede, hoe ook al jy die vrou se rol in die huwelik wil beskryf, sy was goed geskool in al hierdie dinge.

Die probleem is dat, veral die laaste ruk, kan sy nie meer nie. Daar is iets in haar binneste wat daarteen veg, teen alles wat vir haar as vrouwees voorgehou was. Maar hoe dan anderste. Die man is die koning, priester en profeet van die huis. Wat de hel beteken dit ooit? Hulle bly in Bloemfontein. Die naaste koning waarvan sy van weet, is in Lesotho. Sy dink die hoof van daardie kult wat sy van gelees het se leier was ’n priester of profeet of iets.

En wat de hel maak dit haar, as Petrus koning, priester en profeet oor haar is. Is sy die slaaf? Is sy die offerlam? Is sy wat ook al hy sê sy moet wees?

Sy sug weer. Soms wonder sy of daar ’n onrein gees in haar is wat haar al hierdie tradisies en vroulike huwelikspligte laat twyfel.

Dankbaar. Sy is dankbaar. Sy sal dankbaar wees. Daar is so baie om voor dankbaar te wees. Dankbaar en vergenoegdheid. Dit is haar behoud.

Amanda se gedagtes gaan terug tot die slaapkamer. Petrus is nie meer op haar nie. Hy het haar ’n soen op die voorkop gegee, omgerol en dadelik aan die slaap geraak. Sy moet nou maar opstaan, skoonmaak en alleen in ’n koue bed terug klim en op haar eie aan die slaap raak.

**Hoofstuk 2**

Dit het vir Daniël de Lange baie "*trial and error*" geneem om sy super-kragte te beheer en van al die *glitches* ontslae te raak. Eerstens moet hy 'n teiken huwelik opspoor met genoeg data wat hy in sy gedragsanaliseprogram kan invoer. Gelukkig het hy presies geweet waar om sulke huwelike te vind. Dr Stefanus Buitendag. Die sielkundige wat eers hom en Lené saam gesien het vir huweliksberading, maar nou net vir hom, vir wat ook al jy dit wil noem wat hy voorgesien word.

Dr Stefanus Buitendag se nota dokumentering het hom nog altyd beïndruk. Die enigste nadelige ding was dat hy nie enige van sy pasiënte se lêers digitaal gestoor het nie. 'n Vinnige *hack* van die doktor se rekenaar netwerk sou vir Daniël geen probleme bied nie, maar dit sou té maklik gewees het. Gelukkig was dit ook nie te moeilik om in die doktor se kantore in te breek nie, 'n pasiënt se lêer uit die liasseerkabinet uit te haal en die deeglike notas van Dr Stefanus met sy selfoon te skandeer. Hy het 'n kleiner weergawe van sy gedragsanaliseprogram in 'n selfoon *app* verander, wat binne 'n paar minute, 'n taamlike akkurate prognoses uitspoeg.

*80% kans vir 'n affair aan die die vrou se kant.* Vertoon die selfoon skerm.

Daniël weet sy *app* se prognoses is nie 'n uitgemaakde saak nie, maar hy sal nie teen sy eie algoritmes en die kruisverwysings tot soortgelyke gevalle statistieke stry nie.

"Potgieters, dit is julle gelukkige dag, lyk my julle gaan tóg waarde vir julle beradingsgelde ontvang" fluister hy saggies.

Die res van die Potgieter se data sal hy rustig oorgaan soos hy dit oorskryf in sy eie lêer by die huis, maar nou is dit eers weer om die lêer te bêre en versigtig die kantoor te verlaat.

Hy het homself gemaklik gemaak agter sy rekenaar in sy kantoor met ’n bodemlose glas rooiwyn binne arms lengte. Hy het geleer dat dit help met wat kom. Hy weet nog nie hoe dit alles presies werk nie, maar dit is verseker meer as net ’n droom. Eers kom die voorbereiding en modifikasies tot sy program om te pas by sy teiken huwelik. Hy noem dit teiken huwelik, maar eintlik is dit ’n teiken persoon, wie hy vir die volgende paar weke, gaan oorneem.

Wat met sy liggaam in daardie tyd gebeur kon hy nog nie met sekerheid vasstel nie, maar die beste verduideliking wat hy kan gee is dat sy liggaam in ’n tipe van trans-koma ingaan. Sonder die siel is die liggaam maar net ’n leë dop. Hy het al CCTV kameras orals in sy huis opgesit om na die tyd te kyk wat met sy liggaam gebeur, maar wat hy sien is hoe hy net daar lê, omgekap van die bodemlose Shiraz. Soms sal hy van die stoel af kletter en op die vloer beland, maar meestal is dit katatonies, gesig-eerste op sy sleutelbord. Hoe sy liggaam so lank kan gaan sonder enige voeding is nog onverklaarbaar en wat met die teiken persoon se siel gebeur tydens sy okkupasie, is nog debatteerbaar.

Met al die biometriese toetse wat hy al gedoen het oor die laaste maar missies, uitreike, affairs (hy besluit nog wat om dit te noem) is dit duidelik dat sy liggaam steeds gekoppel is aan sy siel en wanneer sy siel ’n ander liggaam oorneem, ontvang sy eie liggaam die voeding van daardie teiken-liggaam. Wat met die teiken persoon se siel gebeur is n

bietjie meer gekompliseerd. Die persoon funksioneer nog heeltemal outonomie en normaal, behalwe dat dit lyk asof sy vrye wil weggeneem word vir daardie periode wat sy liggaam oorgeneem word.

Die interessante deel kom in wanneer Daniël met die teiken-persoon se gedragskode begin verander dat dit lyk asof die "vrye wil" gedeelte van die teiken-persoon nou oorhandig is aan hom. Vir die teiken-persoon lyk én voel dit asof hy die besluite neem. Daniël besef hierdie was 'n goeie ding, aangesien niemand sou wou kyk hoe hy, 'n vreemde man, met daardie teiken-persoon se vrou in die bed spring nie. Vir die teiken-persoon moet dit wees asof hy steeds die een is en enigste een is wat liefdemaak met sy vrou. Tegnies gesproke is dit steeds die teiken-persoon. Dit is met sy lyf, sy stem, sy gewoontes (wel in die begin), maar die enigste verskil is dat hy wie Daniël de Lange is, eintlik in die beheer sitplek is. Hy ervaar en beleef al die sensoriese aanraakring en emosionele konneksies, as persoonlik vir hom, Daniël de Lange. En wanneer Daniël die teiken-persoon se "vrye wil" begin oorneem en nuwe gedragskodes begin programmeer dat is dit alles sy wil, sy wese, sy menswees wat verlief raak op die teiken-persoon se vrou.

Vir die vrou asook vir die teiken-persoon, bly dit steeds net mekaar. Geen derde persoon nie. Vir al wat hulle weet, is die berading by Dr Stefanus Buitendag besig om te werk. Hierdie is die enigste manier om die huwelik te red, sonder om permanente morele en emosionele skade aan die individue te doen. Dit is ook die enigste manier hoe die nuwe gedragskodes nie verwerp gaan word as iets volksvreemd nie, sodra Daniël beheer weer teruggee aan die teiken-

persoon. Solank soos wat die teiken-persoon dink die nuwe gedragspatrone wat hy aanskou het die laaste paar maande, is as gevolg van sy eie vrye wil, behoort hy nie weer terug te val tot sy vorige *default* self en ongesonde gedragspatrone nie. En vir die vrou, wel sy sal nooit weet dat sy die laaste paar maande eintlik op Daniël de Lange verlief geraak het nie.

**Hoofstuk 3**

Dit was nie baie moeilik om Petrus se kwesbaarheid op te spoor nie. Watter warmbloedige man sal 'n jagtoer prys laat verby gaan? Daniël het nodig om sy gedragsanaliseprogram/virus, of altans - homself op te laai in Petrus Potgieter se liggaam in. Met al die karakter eienskappe en voorkeure en afkeure te vinde in Dr Stefanus Buitendag se notas was dit nie te moeilik om elke teiken-persoon se een onweerstaanbare versoeking te vind nie.

Daniël sal sy program/virus wegsteek agter 'n slim spesifiek ontwerpte stukkie *spam* epos wat hy na die teiken-persoon se slimfoon toe stuur. As hy nie iets spesifieks kon vind op 'n gegewe teiken-persoon nie, stuur hy maar net 'n "kliek hier" op 'n skrapsgeklede dame wat desperaat is om meer te wys. Maar Daniël het trots geneem in sy nommerpas versoekings e-posse. Al wat hy dan nodig het is vir die teiken-persoon om nie die e-pos te verdink as *spam* en dit uit te vee nie, maar om in die dopamien van opgewondenheid die epos oop te maak. Die oopmaak van die epos op die teiken-persoon se foon aktiveer die aflaai in die agtergrond, beide op sy foon asook in sy menswees. Daar is genoeg van elke persoon se unieke DNS op sy of haar selfoon om die elektroniese sprong te maak van sagteware kode tot biogenetiese modifikasies.

Petrus Potgieter se foon vibreer in sy hand soos die boodskap vra om oopgemaak te word. Hy was nog so paar minute doenig met die selfoon speletjie, voor hy na die e-pos gekyk het.

*Geluk Mnr Potgieter. Jy is geselekteer vanuit duisende mans om ons volgende jagtoer te begelei. Ons het jou skerpskutter*

*oog en sterk leierskap nodig. Kliek hier vir ’n lewensveranderende ervaring.*

Sonder om te dink, het Petrus die skakel gedruk en so word die program afgelaai en Daniël de Lange opgelaai in Petrus Potgieter se liggaam in.

Petrus sit sy selfoon neer nadat hy besef het dat die jagtoer niks meer as ’n geldmaak storie was nie. “As iets te goed klink om waar te wees, dan is dit seker so.” Mompel hy.

> *< > Dopamien daal! Gevoelens van minderwaardigheid. Jou ou dwaas! </>*
> *< > Seks verhoog “goed-voel” hormone. </>* Daniël kon sien hoe Petrus Potgieter se

onderbewuste, aangeleerde leuens en biologiese waarhede uitspoeg as gedragsmotivering vir sy bewuste om aksie te neem.

“Amanda, waar dwaal jy?” Petrus se stem donder deur die kamers opsoek na sy vrou se oor.

Daniël sien die gedragsmotiveringskodes in die hoek van sy oog wat Petrus Potgieter motiveer om juis nou sy vrou te roep vir seks. Dit het vir Daniël ’n hele lang ruk geneem om gewoond te raak aan die konstante kode wat in die hoek van sy oog sigbaar is terwyl hy in die teiken-persoon se liggaam is. Danksy die Google brille wat hy gekoop het, kon hy darem daaraan gewoond raak om op twee plekke gelyktydig te kyk.

Binne enkele minute is Amanda reg vir bed, én vir dít wat elke aand voor bed kom - seks met haar man. Daniël de Lange verkies ’n 24 uur oplaai periode in die teiken persoon

se liggaam voordat hy intiem moet verkeer met daardie einste liggaam. Dit gee vir hom darem genoeg kans om homself te oriënteer met sy nuwe liggaam en die gedragsmotiveringskode wat daardie persoon dryf. Dr Stefanus Buitendag sal dit seker die onderbewuste noem, maar Dr Stefanus is nie nou hier nie, en hy as programmeerder verstaan dit beter in rekenaartaal as in sielkundige *mumbo jumbo*.

Daniël sien vir Amanda langs die bed staan. Sy lyk hartseer. Sy lyk alleen. Sy lyk ongelukkig. Maar steeds ŉ mooi vrou. Goed versorg. Hy probeer om nie té veel plesier daaruit te put om met elke huwelikintervensie ŉ nuwe vrou te bekyk en intiem te leer ken nie. Daar is ŉ deel van sy morelekompas wat hom dadelik laat weet wanneer hy met iets onheils besig is, maar die einde regverdig die hóé, of hoe? Daniël glimlag by homself. Hy weet ten minste dat sy emosies glad nie in Petrus se liggaamstaal gereflekteer sal word nie. Petrus trek die lakens terug vir Amanda om in te klim. Sonder om enige iets te sê begin die huweliksplig roetine.

Amanda se gedagtes begin wegdwaal soos wat Petrus met sy roetine begin. Roetine? Dink sy by haarself. Dit is omtrent ŉ sterk woord vir ŉ een-toertjie ponie. Sy dink terug aan haar gesprek met Mnr Labuschagne vroeër vandag toe sy vir haar twee seuns langs die sportgronde wag. Gerhard Labuschagne was die onderhoof by die Hoërskool waarna haar seuns toe gegaan het, maar sy ken hom al van haar eie hoërskool dae af. Hy was twee grade jonger as sy, dus het sy nie veel met hom te doen gekry nie, behalwe dat hulle saam redenaars gedoen het. Hy was een van die beste redenaars wat sy al ooit gesien, of gehoor het. Die manier hoe hy met woorde

kon toor, het altyd sy gehoor weggevoer na een of ander historiese slagveld, sosiale onreg iewers in Afrika of ʼn tegnologiese deurbraak in die nabye toekoms. Daar was geen onderwerp waarby Gerhard Labuschagne níé die verlangde emosies by sy gehoor kon opwek nie. Mens sou dink dat so ʼn gawe by ʼn seun op skool vir hom baie populêr onder die meisies sou maak, maar hoërskool is ʼn vreemde plek. Dit gaan maar eintlik net oor populariteit meer as enige iets anders. Jy sal uitgaan met iemand net as dit jou eie populariteit sal bevorder en nie noodwendig met die persoon wat die beste by jou pas nie. Sy het die laaste tyd begin wonder of sy ooit self met Petrus sou begin uitgaan het, as dit nie vir haar vriende was wat haar so aangepor het om vir die eerstespan rugby kaptein ja te sê nie. Op skool het haar verhouding met Petrus haar verseker goed laat voel, maar nou jare later, is daar nie meer ʼn enkele teken van daardie einste vriendinne wat haar emosies so goed kon opsweep oor Petrus nie. As sy eerlik met haarself kan wees, was sy nog altyd maar Petrus se spogtrofee. Die aandag het altyd op hom geval, sy was maar bloot net die dingetjie aan sy sy.

Dit is daar waar iemand soos Gerhard Labuschagne anderste was. Hy het altyd sy vrou opgebou en letterlik die grond aanbid waarop sy geloop het. Amanda weet dat sy nou die “grond aanbid” afleiding maak suiwer deur hom op Facebook dop te hou, maar dit is goed genoeg vir haar. Vandat haar seuns oorgeskuif het na sy hoërskool toe, het sy hom begin volg op Facebook. Gerhard was getroud ook met twee pragtige kinders en ʼn beeldskone vroutjie.

Dit was juis daardie beeldskone vroutjie wat op hom verneuk het en nou van hom wil skei, of so loop die stories. Sy het so

gevis-vis in haar gesprek met hom vandag en alhoewel hy nie te veel uit die slaapkamer gepraat het nie, kon sy darem genoeg tussen die lyne lees om die skinderstories te regverdig. Sy vrou het op hóm verneuk en nou wil sy skei.

Watter tipe vrou sal dit doen? En met só ’n tipe ou? Sy sou wat wou gee om ’n man te hê wat haar so op die hande dra. Die een oomblik wat nog steeds by haar spook, is hoe hy die gesprek afgeëindig het. Hy het sy hand op haar voorarm geplaas en vir haar genoem dat hy bly is om te sien dat daar nog goeie vrouens bestaan soos sy. Sy hand kon nie meer as 5 sekondes op haar arm rus nie, maar sy voel steeds die warmte wat dit agter gelos het. Die kompliment wat hy vir haar gegee het, verwys juis na die feit dat sy nie Petrus verneuk soos sý vrou gedoen het nie, maar wat doen sy dan nou as sy aan hom dink terwyl haar eie man besig is om haar liggaam te ry.

Daniël de Lange het duidelik homself in ’n gesonde testosteroon gevulde alfa man bevind. Dit was amper asof Petrus se penis geleer was om elke aand dié tyd gereed te staan. Soos ’n stert swaaiende hond wat in afwagting voor die deur wag vir sy eienaar om terug huis toe te kom. Die gedagte van seks was vir Petrus genoeg om sy kort maar dik slap penis te transformeer in iets wat nou ook lank en dik is. Die paar sekondes wat dit geneem het vir hom om ’n vol ereksie te kry, is omtrent dieselfde tyd wat hy spandeer het om met sy vingers oor Amanda se ongeskeerde vulva te streel, opsoek na haar vagina.

*< > Nat vagina. Jou vrou soek jou </>* Daniël was verbaas hoe primitief Petrus se gedragsmotiverings was.

Amanda was geseën met ʼn oester wat werk. Dalk omdat haar vagina elke dag gewerk het, dié dat haar vagina nie nodig het om te wag vir haar om seksueel opgewek te wees om reg te maak vir wat voorlê nie. Petrus het die klamheid in haar vagina gevoel en dit as teken geneem dat sy nou reg is vir sy mielie.

*< > open VOORSPEL... </>*

Daniël de Lange was verbaas oor die spoed wat Petrus sy vrou gepenetreer het,  asook die tempo van Amanda se klam wording. Dalk die grootste gebrek hier was wat Petrus verneem het hoe ʼn seksueel opgewekte vagina veronderstel is om te voel. Wat hy by Amanda voel is niks meer as ligte mis, die dou voor dag nie. "Ek sal dit moet herprogrammeer" het hy hardop vir homself gesê. Gelukkig het niks van sy verbale uitbarstings ooit sy teiken-liggaam beïnvloed in enige manier nie. Hy was veilig om soos ʼn mal-mens met homself te praat terwyl hy seks gehad het met ʼn ander man se vrou in daardie man se eie lyf.

Daniël hoef nie lank te gewag het vir Petrus se voorspel lêer om oop te maak nie.

*< > Vat aan haar vagina;*<br>
*Blomme koop;*<br>
*Soen haar in nek </>*

“Agge nee my ou vriend. Het niemand jou geleer hoe om ’n vrou só op te wek dat sy jou smeek om haar te vat nie? Toemaar, Meneer de Lange is nou hier.”

Daniël sou op ’n ander geleentheid by Petrus se voorspel moes byvoeg, want Petrus was klaar besig met sy ry bewegings op Amanda, en hy kon voel hoe hy al hoe nader aan die punt van geen omkeer kom. In beginsel het Daniël geen modifikasies aan die teiken-persoon se gedragsmotiveringskode gemaak tydens die eerste seks met die teiken-persoon se vrou nie. Amper soos ’n inlywingsritueel as jy wil, maar met hierdie seks, sou dit nie vir hom enige groot mate van plesier verskaf nie. Hy besluit toe om net een klein modifikasie aan te bring, voordat sy liggaam aan die slaap raak.

*< > skep NA-SPEL </>* Daniël het ’n kans gewaag om nie eers te soek of daar ’n na-spel lêer in Petrus se gedragsmotiveringskodes was nie en het sommer dadelik een geskep.

*< > open NA-SPEL...*
*oplaai; vashou tydens lepel lê </>*

Vir die eerste keer in die Potgieters se huwelik het hulle aan die slaap geraak terwyl hy sy arm om haar gesit het en liggies haar teen sy breë Afrikaner bors vasgehou het.

**Hoofstuk 4**

Amanda het wakker geword met haar man se arm steeds om haar gedraai. Sy besef hulle moes so aand die slaap geraak het en nooit van posisie verander het nie. Al wat Amanda aan kon dink toe Petrus gisteraand sy arm om haar sit was dat hy koud kry en warm wou word teen haar lyf, wat haar grensloos geïrriteer het. "Net nóg 'n manier om haar liggaam te gebruik vir sy genot," was die gedagtes waarmee sy aan die slaap geraak het. Maar vanoggend was die irritasie weg. Dit het lekker gevoel. Sy nabyheid. Sy warmte. Sy omhels. Sy liefde?

Sy het haar oë weer toe gemaak en dieper in sy omhels in geskuif. Sy is tog steeds lief vir Petrus. Sy was nog altyd. Maar hoe lank kan jy 'n persoon liefhê wat dit nie terug wys nie? Sy vra nie baie nie. Dalk is dit haar grootste fout, dat sy nooit te veel gekla het oor haar ongelukkigheid in die huwelik nie. Selfs in haar sessies met Dr Stefanus Buitendag het sy dit moeilik gevind om haar ware ongeluk te herken teenoor haar berader, en ook teenoor haarself. Dr Stefanus het herhaaldelik vir haar genoem dat, indien sy nie haar ongeluk in woorde aan Petrus kommunikeer nie, daar geen rede vir hom sal wees om te verander nie. Duidelik het hy nie vir Petrus so goed geken soos wat sy hom geken het nie. Hy doen in elk geval net sy eie ding.

Haar gedagtes begin weer wegdwaal van die warm omhels. Sy kon voel hoe haar irritasie vir hom weer begin styg. Miskien is sý die een wat moeilik is en met die probleem sit? Ag, soms wens sy net sy kon haar brein afskakel en net wéés. Sy sug groot en dié keer trek sy Petrus se arm stywer om

haar, half om hom wakker te maak en haarself uit hierdie emosionele ongemak te verlos, terselfdertyd om haar te forseer om oor te gee tot hierdie nuwe verwikkeling.

Petrus is vas aan die slaap. Gewoonlik is hy iemand wat vroeg in die oggend wakker is, maar nie vanoggend nie. Geen teiken-persoon kon die oggend na die eerste aand van diep onderbewuskode rondkrappy soos normaal opstaan nie. Dit is soos om met 'n babbelas wakker te word net sonder die drukkende kopseer.

Daniël de Lange het die aand wakker gebly om gebruik te maak van Petrus se kognitiewe rus periode waar die *alfa* en *theta* golwe in die brein vir hom dieper toegang tot Petrus se onderbewuskode gebied het.  Om die waarheid te sê is daar geen slaap vir Daniël de Lange terwyl hy in 'n teiken-persoon is nie. Oomblikke van stil wees, van niks en soms 'n *reboot*, maar 'n virus, 'n rekenaar program, 'n stukkie gedragsmotiveringskode, slaap nooit nie. Dit is altyd daar. Teenwoordig. In die agtergrond. Gereed.

*< > soek liefde... </>*

*<p> sterk en diep gevoelens van omgee;*
*plig en begeerte om te beskerm;*
*seksuele aangetrokkenheid;*
*seksuele bewys;*
*intimiteit;*
*getrouheid;*

*warm en vreedsaam;*
*moeder;*
*reputasie;*
*familienaam;*
*Amanda;*
*versorging;*
*kinders; ... </p>*

Daniël moes die soektog kanselleer nadat die soek te veel informasie opgeoffer het. Die soekveld is eenvoudig te breed. Hy het maar 'n kans geneem. "Lyk my tog jy het die kapasiteit en begrip van liefde, ou boet."

Daniël de Lange het reeds besef dat die meeste van sy teikenpersone se huweliksprobleme nie gekoppel is aan 'n tekort van liefde vir hulle maats nie. Indien "liefde" die oorsaak was, sal so 'n teiken-persoon se gedragsmotiveringskode nie sommer verander nie, want net soos wat 'n *genie* nie iemand kan toor om verlief te word op iemand nie, kan 'n programmeerder ook nie 'n persoon se kode verander om vir iemand lief te wees nie. Daar is darem baie dinge wat beide die *genie* en programmeerder kan doen om rondom daardie woord "liefde" te beweeg wat 'n persoon in daardie rigting in kan stuur, maar dit is gevaarlik, onstabiel en benodig baie langer tyd en komplekse gedragsmotiveringskode modifikasies dat dit heeltemal oneties is. Nie dat Daniël dink wat hy nou doen heeltemal eties is nie, maar as hy kan onthou het hy nie gevra vir hierdie superkragte nie. Dit was op hom af forseer. En nou? Wel, nou is hy verslaaf daaraan.

*< > soek Amanda </>*

Dit was vir Daniël interessant om te sien in die soek vir liefde het moeder vroeër verskyn as sy vrou, maar die soektog het Amanda by naam opgelewer en nie sy moeder s'n nie.

> *<p> 14 Februarie 1989;*
> *4 Oktober 1991;*
> *25 Desember 1992;*
> *6 Januarie 1995;*
> *25 April 1996;*
> *... </p>*

Daniël het vinnig die soektog op Amanda gestop aangesien dit net vir hom datums opgelewer het wat vir hom niks beteken nie, maar wat duidelik herinneringe was. Dit het egter tog vir hom 'n bietjie meer vertel van Petrus. Dat hy 'n hewige analitiese dominante linkerbrein was. Dit is 'n patroon wat Daniël al agterkom het in meerderheid alfa mans. Hy wonder of dit juis dit is wat Petrus gehelp het om bo sy eweknieë uit te styg, of is dit omdat die samelewing analities bo kreatiewe denke plaas en daarom hulle seuns so grootmaak? Daniël kan nie sê nie.

> *< > open 14 Februarie 1989 </>*

Daniël delf verder in die eerste datum wat aan Amanda gekoppel is. Dit was waar Petrus vir haar 'n Valentynsdag kaartjie gestuur het, om haar te vra om met hom uit te gaan. Amanda het die kaartjie in die klas gelees, oorgekyk tot waar Petrus agter in die klas gesit het, opgestaan en met alle selfvertroue wat 'n hoërskool meisie het wanneer die kaptein van die eerste span rugby vir jou vra om uit te gaan, oorgestap na hom en hom voor die hele klas een groot en lang soen gegee, tot die toejuig van almal in die klas.

“Liefde is nie die probleem hier nie” het Daniël weer aan homself bevestig. “Ek twyfel of Amanda daarmee sal saamstem. Hoekom sukkel Petrus dan so baie om sy liefde wat hy vir sy vrou het, aan haar te kommunikeer in ’n manier wat Amanda dit as liefde kan ontvang?” Daniël wonder soms of hierdie superkragte wat hy gekry het nie beter gepas sou wees op iemand soos Dr Stefanus Buitendag nie. Iemand wat die sielkunde van die mens beter ken? Hierdie gedagte het Daniël laat lag. Alles in die lewe bestaan uit nulle en ene. Alles is programmeerbaar. Niks hang net in die lug sonder iets wat dit daarop hou nie. Geen gedrag gebeur sonder ’n geldige motivering nie. Wat hom meer uniek maak as Dr Stefanus is dat hy nie afleidings maak sonder enige stawende data nie. Hy sal maar net moet aanhou die gedragsmotiveringskode volg totdat hy die oorsprong van die Potgieters se huweliksprobleme vind en dit dan op so ’n manier herprogrammeer dat dit vir Petrus en Amanda voel of dit ’n organiese groei en ontwikkeling binne hulle verhouding was. Sodra enige van Petrus se nuwe gedrag abnormaal voorkom vir hom of vir Amanda, sal dit verwerp word en groter huweliksprobleme en agterdog by mekaar opwek.

“As liefde nie die probleem is nie, wat is dit dan?” Daniël het ’n oomblik gedink voordat hy sy volgende soektog begin.

*< > soek vader </>*

Daniël het gewonder of dit nie dan net bloot ’n “*monkey-see-monkey-do*” probleem was wat hom gekeer het om meer liefdevol teenoor sy vrou op te tree nie.

*< > respek; eerbied; gesag; finansiële sorg; dissipline; verantwoordelikheid; ... </>*

Soos wat Daniël deur die lys gaan wat aan Petrus se vader gekoppel was het hy geen tekens van 'n liefdesverhouding opgetel tussen die twee nie. Dit was nie regtig iets ongewoon vir iemand van Petrus se ouderdom nie. Vaders toe was nie so emosioneel betrokke soos wat hulle vandag is nie. Maar dit beteken nie dat vandag se vaders hulle kinders meer lief het as vorige generasie se vaders nie. Dit mag dalk waar wees dat die liefde van die vaders dieselfde gebly het aan die vader se kant, maar die liefde aan die kind se kant het verseker toegeneem soos wat moderne vaders meer van daardie liefde aan hulle kinders kommunikeer en wys.

Dalk is dit presies dieselfde wat gebeur tussen man en vrou. Die liefde wat Petrus het vir sy vrou is suiwer en opreg en volgens Petrus is daar niks fout in die huwelik nie. Daarom die onbereidwilligheid om na 'n huweliksberader gesleep te word. Die liefde wat hy vir Amanda voel is absoluut en juis daarom kan hy nie verstaan hoekom sy vrou so ongelukkig kan wees nie. En dit is ook maar net onlangs wat sy haar ongelukkigheid kommunikeer. Ook maar net vaag en sonder enige spesifieke detail.

"As die liefde daar is, maar die liefde word nie ontvang nie, beteken dit dat daar iewers 'n blokkasie is." Redeneer Daniël by homself verder soos wat hy dieper ingegaan het op die eerste uitslag van die soek op die "vader".

*< > open respek </>*

*<p> tradisie; familienaam; eer; trots; reputasie; opkyk; admirasie; ... </p>*

Petrus se respek vir sy vader was nie as gevolg van die liefdeverhouding tussen die twee nie, maar bloot deur die amp wat sy vader as hoof van die huis beklee het. Dit lyk baie soos iets wat jy in ’n militaristiese opset sal vind. Jy respekteer die rang, nie die man nie. “Dit is ’n slim stukkie sosiale programmering” het Daniël gedink. Dit vrywaar die vaders om totaal en al *fokops* te wees en steeds respek by die kinders af te dwing. Daniël het so paar vinnige kruisverwysings gehardloop tussen ouer-kind dinamika en man-vrou dinamika. Dieselfde patroon. Die respek wat die seun vir sy vader het suiwer deur die gesag wat die pa in die huis het, en word dan later jare gedupliseer tot hoe die man verwag sy vrou hom moet behandel. Met respek. Bloot omdat hy haar man is.

Dit mag dalk een van die blokkasies wees wat Petrus keer om meer moeite te doen om sy liefde vir sy vrou méér sigbaar te maak, want volgens hierdie sosiale respekkode, is daar niks wat die man meer hoef te doen om sy vrou se respek te verdien as om net die man te wees nie. Die feit dat hy die man is en finansiële sorg en liefde in sy hart vir sy vrou het, of hy dit vir haar wys of nie, is genoeg om sy rol as man te beklee.

Hierdie absolute respek en amper heilige agting vir die amp van manwees het die man gekruppel om enige vrye wil te gebruik om self hulle gedragsmotiveringskode te verander in die vorm van persoonlike en karakter groei. As daar niks was wat hy hoef te gedoen het om daardie respek te verdien nie, is daar niks wat hy hoef te doen om daardie respek te behou nie.

En omdat die vrou heelwaarskynlik ook van kinderdae af geleer word om haar plek te ken, word hierdie respek-amp van die vaders en mans in die huis nooit bevraagteken nie. Die *status quo* word gehandhaaf vir nog een generasie, waar die man in ’n naïewe illusie lewe van huweliksgeluk en die vrou vasgevang word in ’n emosionele onvergenoegdheidsverhouding.

Daniël het deeglik deur Petrus se gedragsmotiveringskode gesoek vir alle verwysings van respek en kon géén vind wat gekoppel word aan ’n individue behalwe aan sy moeder nie. Hy het ’n nota vir homself gemaak om dieper op sy moeder-konneksie in te delf, wanneer hy weer die kans kry. Petrus is besig om wakker te word.

**Hoofstuk 5**

Amanda is in die kombuis besig om ontbyt vir haar man te maak, wat hy dan in die bed eet, toe haar selfoon lui.

"Hallo"

"Hi, skuus. Is dit Amanda Potgieter?" Dadelik was Amanda se nuuskierigheid geprikkel oor wie juis só vroeg op 'n Saterdag oggend sal bel. Natuurlik weet sy presies wie skakel. Sy nommer is dan op haar slimfoon gestoor en so is sy nuutste Facebook profiel foto ingetrek op haar *caller ID*. Maar steeds kan sy nie glo dat Gerhard Labuschagne haar nou bel nie.

"Ja, ja dit is sy." Die tweede ja het skoon hees uitgekom. Dalk is dit haar oggend stem wat nog moet warm word, of dit is haar mond wat in 'n oomblik ekstra spoeg probeer maak om vir haar eweskielike droë mond te kompenseer. Sy sluk swaar, dankbaar dat dit nou sy beurt was om te praat.

"Ah, ek is bly. Dit is Gerhard. Ek meen Mnr Labuschagne van jou kinders se skool wat skakel. Mev Potgieter ek bel net..." Amanda val hom in die rede.

"Asseblief. Net Amanda." Sy sluk weer hard.

"Goed dan Amanda. Ek skakel  omdat ek 'n groot guns het om jou te vra."

"Ja?" Steeds nie haar gewone ja-stem nie.

"Soos jy weet is die nasionale redenaars kompetisie nou om die draai en wel, om eerlik te wees ons kinders is glad nie gereed vir dit nie."

“Oh, ja?” Sy hou die foon stywer teen haar oor.

“Ons voorbereiding was ’n bietjie in die wiele gery deur...” Gerhard bly stil. Amanda weet presies hoekom die voorbereiding vir die jaar se redenaars agter skedule was. Gerhard se vrou het op hom verneuk en alreeds uitgetrek, of so het die skinderstorie se stert al gegroei. Gerhard het geweier om enige verlof in te sit, maar al die betrokke ouers en wakker kinders kon sien dat Mnr Labuschagne nie sy briljante self was nie.

“Ek verstaan.” Amanda breek sy ongemaklike stilte. Dit verhoed dat hy nodig het om sy vuil wasgoed op die draad uit te hang vir haar. Alhoewel sy baie graag wou gehad het dat hy met haar moes praat. Sy sou verstaan. Sy sou hom beter laat voel. Amanda weet nie presies wat sy met daai laaste gedagte bedoel het nie, maar die empatie wat sy in haar hart vir Mnr Labuschagne, vir Gerhard voel, is iets wat haar weer lewendig laat voel het.

“Ja, kom ons noem dit maar vir persoonlike redes.”

“Ek is so jammer. Is jy *okay*? Hoe kan ek help?”

“Wel, met die redenaars. Ek het gedink om ons top deelnemers, waarvan jou twee seuns ook deel is, op ’n wegbreek kamp te vat dié week.”

“Dit klink fantasties.”

“Ek het gedink dat dit goed sou wees as ek iemand kan saamneem om te help met die kinders se toesprake en niemand van die skool is beskikbaar, of om eerlik te wees, so

bekwaam soos jy nie.” Amanda voel hoe haar wange verhit soos sy bloos.

“Ek voel geëerd. Wow, dit sal, sjoe ’n groot voorreg wees.” Amanda begin rond trippel in die kombuis van opgewondenheid.

“Ek het gedink om dit by die Phumuza 4 ster natuuroord te hou. Hulle is baie goed gesind teenoor die skool en het reeds vir ons gratis akkommodasie aangebied.” Amanda kry nie ’n woord geuiter nie. Haar gedagtes dwaal in ’n honderd verskillende rigtings in.

Gerhard kom agter dat Amanda stil geraak het en verduidelik vinnig. “Die natuur sal vir die kinders die nodige inspirasie gee vir hulle toesprake.”

“Natuurlik. Die kinders sal dit baie geniet. My twee sal oor die maan wees. Maar ek verstaan nog nie hoekom jy mý saam nooi nie?” Amanda se liggaamstaal verklap dat sy beide onseker is oor haarself en desperaat uitvis vir nog meer validasie.

“Want jy is die mees betrokke ouer by die redenaars, jou eie kinders is deel van die top 10 en as ek kan onthou van ons eie hoërskool dae, was jy die *speech queen* gewees.” Gerhard het so oomblik *gepause*, om te besluit of hy vir Amanda die regte rede gaan gee hoekom hy juis haar saam genooi het. En om eerlik te wees, oorweeg hy dit steeds.

Amanda kan die spanning oor die foon voel en sy durf nie Gerhard in die rede  val nie.

“Om eerlik te wees, dink ek nie dit is goed vir my om nou alleen te wees nie.” Onmiddellik het hy berou dat hy sy kwesbaarheid aan iemand gewys het. Natuurlik kon hy een van die ander fakulteit nooi om saam te kom, hy kon van ’n half dosyn ander betrokke ouers kies, maar met Amanda... het hy vir een of ander rede veilig gevoel. Dalk omdat hy haar ken van skooldae af. Sy kollegas sou hom net oordeel en die ander ouers, wel wie wil nou voor ’n wildvreemdeling jou emosionele bagasie uitpak? Hy besef dat Amanda net so goed soos ’n wildvreemdeling was, hulle het eintlik geen interaksie met mekaar gehad meer as hallo en totsiens nie. Gerhard kon nie meer die stilte hanteer nie. Hy het nie meer geweet wat om te sê nie. Hoekom sê Amanda niks nie?

Dit is seker soos om alleen by ’n nuwe land te arriveer, sonder dat jy die taal kan praat, die omgewing ken of inpas by die plaaslike kultuur en dan eweskielik, uit die bloute loop jy iemand raak wat dieselfde taal as jy praat en sonder dat julle ooit eens mekaar se name hoef te vra of enige iets meer van daardie persoon te leer ken, voel jy veilig. Dit is hoe hy gevoel het wanneer hy saam met Amanda was. ’n Bekende gesig wat dieselfde taal praat as hy. Iemand by wie hy homself kon wees en hom  net vir een sekond kon laat vergeet wat sy vrou aan hom gedoen het.

“Alleen met die kinders natuurlik. Sal graag persoonlike aandag aan soveel as moontlik vir hulle wil gee en daarom sal twee die werk net mooi halveer. Is jy in?”

“Ja, ek is in.”

Ontbyt in die bed vir Petrus het maar in koffie in die bed verander. Al die eiers het aan die pan vasgebrand terwyl sy op die foon besig was.

“Goed so. Lief vir jou ook *Moeksie*. Sien jou dan oor ’n paar dae. Kan nie wag nie.”

Amanda se goeie bui verander dadelik in ’n donderbui, met die hoor dat haar skoonma, ongenooid en ongevraagd, sou kom kuier. Sy en haar skoonma kon nog nóóit om dieselfde tafel sit nie. Nie omdat sy ’n moeilike vrou was nie, maar omdat Petrus altyd sy Moeksie bó haar gekies het. Moeksie dit en moeksie dat. Sy kon nog nooit verstaan hoe Petrus so sag en liefdevol kon wees teenoor sy ma nie, maar teenoor haar, sy eie vrou, so hard en emosioneel teruggetrokke.

“Ek het vir jou koffie gemaak.” Sy het die woorde uit forseer, maar eintlik wou sy skreeu “Kon jy my nie eerste vra of jou ma kan kom kuier nie, of dalk net waarsku? Maar nee, ek is mos net die bediende in die huis!”

“En die ontbyt?” Vra Petrus, of altans beveel hy met die eerste sluk van sy koffie.

“Ek het dit verbrand. Gaan maak jou eie.” Amanda was verbaas oor haar verbale rebellie teenoor haar man. Haar hele lewe het bestaan uit ‘draai die ander wang’. Maar nou het dit gevoel of daar iets nuuts in haar binneste was wat vir haar aanspoor om op te staan en terug te baklei.

“Ek het dit nie so bedoel nie. Kom hier jou mooi ding.” Petrus het haar gegryp by die arm en haar op sy skoot getrek. “Jy

hoef nie so kwaaitjie te wees nie. Ek sal sommer ontbyt by die klub kry.”

Amanda het die nodige 3 sekondes uit gewag voordat sy weer haarself uit Petrus se greep geworstel het. “Ek hoor jou ma gaan kom kuier?”

“Ja, sy is lus om ’n bietjie weg te kom van die plaas en het blykbaar dinge om te doen hier in die stad. Sy gaan somer die week dan hier by ons bly. Sy het in elk geval lanklaas die kinders ook gesien.” Petrus het weer ’n sluk van sy koffie geneem.

“Wel, ongelukkig gaan ek en die kinders nie hier wees die week nie. Daar is ’n redenaars wegbreek en die skool het my gevra om te gaan help.” Amanda het dit met soveel gesag gesê as wat sy kon bymekaar skraap.

Petrus het haar net aangestaar asof dit iemand anderste was wie durf om ’n lyn in die sand te trek voor hom. “Nou maar goed, vrou. Dit gee darem vir my tyd om Moeksie te help met al haar dinge en ons kan die kinders vir die naweek saam met haar plaas toe stuur. Hulle hou in elk geval meer  daarvan om op die plaas te kuier.”

Amanda het haarself gereed gemaak vir ’n groter konfrontasie en was heeltemal omkant gegooi deur Petrus se instemming vir haar en die kinders om die week na die redenaars wegbreek te gaan. Kan dit wees dat Moeksie hom getoor het om ’n meer vriendeliker mens te wees? Sy het die gedagte so bietjie bepeins, maar dit het op die ou einde haar net weer minderwaardig teenoor haar skoonma laat voel.

“Nou maar goed dan. Ek gaan begin pak.” Amanda het verstom omgedraai en weggestap. Is dit hoe dit voel om ’n argument te wen? Het sy dit gewen? Al wat sy weet, is dat sy vir die eerste keer in ’n lang tyd goed voel oor haarself.

**Hoofstuk 6**

*Phumuza* is regtig 'n plek van rus. Die bos. Die natuur. Die feit dat hier geen selfoon sein is nie. Die 4 ster akkommodasie en die driegang maaltye.

Amanda lê vir 'n oomblik op die bed en neem die rustigheid van die plek in. Sy kan nie onthou wanneer laas sy 'n vakansie of selfs net 'n wegbreek gehad het nie. Voltydse ma, voltydse vrou. Geen tyd vir haarself nie. Met elke asem wat dieper en stadiger ingeasem word, reageer haar siel positief teenoor die plek van rus.

"Nee, daar is nog baie om te doen vandag." Net voordat sy aan die slaap raak, spring sy op en begin haar tas uitpak. Sy en Gerhard het elkeen hulle eie VIP privaat suite gekry, waar die kinders vier-vier 'n *bungalow* deel aan die anderkant van die oord.

Amanda staan met haar rooi satyn *lingerie* in haar hand en besef dat daar baie en ook geen gedagte ingegaan het om hierdie nommertjie in te pak. Baie gedagte omdat dit haar uiterlike reflekteer oor hoe sy in Gerhard se teenwoordigheid voel en ook geen gedagte oor wat sy beplan het om met die onderklere te doen nie.

Sy probeer dink wanneer laas sy hierdie vir Petrus aangetrek het, maar kon nie onthou nie. Sy was nie altyd die tipe vrou wat 'n frok gedra het nie. Sy was ook sexy op haar dag. Dit is ongelukkig wat gebeur as jy jouself begin sien deur die oë van jou man wat jou nie eens mee raaksien nie. Sy kon voel hoe die woede vir Petrus weer opkruip. "Petrus as jy my nie meer gaan waardeer nie, is daar ander mans wat my sal

raaksien." skreeu Amanda in haar gedagtes, terwyl sy haar pers kant-halfbroekie en haar swart-met-geborduurde-rooi-halfbroekie in die kas bêre. Die som totaal van al haar sexy *lingerie* ingepak vir 'n Hoërskool redenaars wegbreek saam met Mnr Labuschagne.

Daniël de Lange is verbaas hoe drasties Petrus se gedragsmotiveringskode verander terwyl sy ma, of soos Petrus haar noem, Moeksie, in die omtrek is. Dit lyk asof die gedragsmotiveringskode nou vanuit 'n ander plek van Petrus se onderbewuste kom as enige van die ander kode wat hy al in Petrus geobserveer het. Daar is amper geen filters of blokke, geen analitiese bewuste kodering wat plaasvind nie. Petrus se gedrag is suiwer vanaf die diepste plek van sy psige.

Daniël dink terug aan Dr Stefanus se aanhoudende verwysings na die masker en die skadu van die mens. Die masker is die sosiale filter wat ons almal het. Dit is wat ons gedrag só verander om in te pas by die samelewenskultuur en aan die wêreld verkondig wie ons graag wil hê hulle moet dink ons is. Nie 'n slegte filter vir enige iemand wat nie geïsoleerd op 'n vergete eiland bly nie en wat nie narsisties deur die lewe wil gaan nie.

Dan het ons die skadu van die mens. Dit is waar al die mens se rou emosies, begeertes, fantasieë, vrese en geluk lê. Weereens het ons almal 'n skadu, maar vir die meeste word daar geleer om hierdie deel van ons psige te onderdruk, te ontken en van weg te bly. Die probleem met dit, soos Dr

Stefanus altyd verduidelik het, is dat wanneer ons ons skadu ontken, is dit soos om TV te probeer kyk sonder dat ons enige kennis dra van wat in Hollywood aangaan. Dit is wanneer ons nie besef dat dít wat ons op TV sien, nié in die werklikheid gebeur nie, dat ons die illusie begin glo dat dit wat op TV gebeur die werklikheid en suiwer waarheid is.

En net wanneer Dr Stefanus jou oortuig om meer aandag te skenk aan die masker of skadu, waarsku hy, dat ons wel ook albei is. Die mens is beide masker en skadu.

Vir Daniël de Lange was dit altyd makliker om dit te verstaan in terme van filters, opgestelde raamwerke en gedefinieerde grense waarin die rou kode gebruik kan word.

Maar elke nou en dan, is dít wat ons voel, so sterk dat dit ons gedragsmotiveringskode totaal en al verander en ons in 'n heeltemal ander persoon verander. Dit is presies wat met Petrus Potgieter gebeur, wanneer hy met *Moekie* verkeer.

Hy was vriendelik, behulpsaam, sag, bedagsaam, liefdevol, ondersteunend, aangenaam, simpatiekvol, gasvry, warmhartig, onselfsugtig. Daniël gaan deur Petrus se nuwe karaktereienskappe met bewondering. Petrus se hart is vol liefde. Liefde is nie die probleem nie. Daniël het ook tekens, herinnering-merkers van Amanda gevind terwyl hy deur die nuwe, eens weggesteekte, liefdevolle gedragsmotiveringskode van Petrus gegaan het. Moeksie het hierdie deel in Petrus se onderbewuste ontsluit, maar Amanda was aan elke gedragsmotiveringskode gekoppel.

Die mees onlangse kode was almal negatiewe en afbrekende herinnering-merkers van Amanda. Hierdie negatiewe

herinnering-merkers dien as ’n *trip-switch* en stop die ware emosies van die skadu om tot aksie oor te spoel. “Dit mag dalk een van die redes wees hoekom Amanda nooit hierdie deel van Petrus sien nie” het Daniël vir homself opgemerk. Elke keer wanneer die liefdevolle ware Petrus manifesteer, is daar een of ander rede hoekom Amanda se merkers dit stop en elke keer wanneer ’n gedragsmotiveringskode in die middel van aktivering gestop word, bou die selfverdedigingsdeel van die mens, of soos Daniël dit verstaan die anti-virus, ’n brandmuur tussen masker en skadu.

Dit het Daniël ’n ruk geneem om deur al die brandmure te kodeer om te sien hoekom Petrus se anti-virus so negatief optree teenoor die Amanda merkers. Op die oog af kon Daniël aflei dat elke keer wanneer Amanda hierdie sagte deel van Petrus gesien het, sy kwaad geraak het vir Petrus. Dit het Petrus oor ’n tydperk afgesit om hierdie deel van homself aan Amanda te wys.

“Maar hoekom sal Amanda kwaad word om die sagte kant van Petrus te sien? Dit is dan juis wat sy na smag?” Het Daniël by homself gewonder.

“*Shit*. Dit moet dít wees.” Daniël het vir ’n oomblik terug gesit en die kode dopgehou.

Die rede hoekom Amanda kwaad geraak het, was omdat hierdie deel van Petrus nooit deur haar geaktiveer was nie, maar altyd deur Moeksie. Moeksie was ook die een wat die meeste van Petrus se liefdevolle self gekry het. “Dogter-skoonma probleme.”

Daniël het op hierdie gedragsmotiveringskode terug gegaan tot die begin jare van Petrus en Amanda se huwelik, om te kyk of dit nog altyd so was. Maar dit was nie. Of altans was dit gedeeltelik so. Petrus se liefdevolle self was nog altyd gekoppel aan sy Moeksie, maar dit het nie altyd Amanda geïrriteer nie. Inteendeel, sover soos Daniël kon vasstel, was dit juis een van die redes hoekom Amanda op Petrus verlief geraak het en besluit het om met hom te trou – sy liefde vir sy ma.

"Ag, *shame*. Sy het seker aangeneem dat sy ook 'n bietjie van daardie Petrus-liefde as sy vrou sou kry. *Surprise*, *Surprise*." Daniël besef hy gaan moet wag vir Petrus om weer te gaan slaap, voordat hy 'n poging kan aanwend om Petrus se liefdesgedragsmotivering te herprogrammeer dat sy vrou ook darem aan die ontvang kant van Petrus se sagte hart kon wees.

Amanda was gedaan. Die lang dag se ryery en die laat aand oefening met die kinders het haar uitgeput. Sy tap vir haar 'n bad vol warm water en klim verlig in. Sy herhaal die gesprek wat sy met Gerhard gedurende aandete gehad het in haar gedagtes, en kon nie help om 'n bietjie teleurgesteld te voel nie. Hoekom was hy so koud teenoor haar? Eintlik weet sy self nie wat sy verwag het gaan gebeur nie. Dit is nie asof sy enige van hierdie beplan het nie. Sy is die een wat saam genooi is. Kon dit dalk net haar verbeelding gewees het? Hoekom het Gerhard se houding so drastiese verander toe die kinders die tafel verlaat?

Was dit net ’n front wat hy voorgehou het voor die kinders? Haar eie twee seuns?

Haar uitmergelende gedagtes begin haar ’n hoofpyn gee. “Ontspan net Amanda. Jy is net hier om te rus en te help met die kinders se voorbereiding. En indien Gerhard teenoor jou oopmaak oor sy vrou en huwelik, wel dan luister jy net en wees ’n goeie vriendin vir hom. Niks meer nie, en niks minder nie.” Sy het dieper gesak in die strelende water en het dadelik ontspanne begin voel.

Ongelukkig ontwyk die ontspanning Amanda, en sy kry dit nie reg om langer as 5 minute stil te lê nie. Sy is net té rusteloos. Haar brein  té besig. Nie dat sy met iets spesifieks besig is nie. Steeds voel sy angstig oor iets, maar sy weet nie waaroor nie. Sy haal vlak asem, maar is nie uit asem nie. Rusteloos gryp sy na haar skeermes en sit bo op die bad se rand.

Sy kyk af na die bos hare tussen haar bene. “Vanaand waai julle.” Verkondig sy aan haar eie skaamhare soos wat sy hulle kromheid reguit trek. Met elke afwaartse beweging voel sy hoe die skerpheid van die lemmetjie teen haar sensitiewe vel afgly.  Sy bekyk haar meesterstuk. Sy het ’n kreatiewe *landing strip* gelos. “Ek wonder waarvan hou hy?” Die vraag ontglip haar gedagtes nog voor sy dit werklik besef.

Sy rus die lemmetjie bo die *landing strip* ,en met een ferm afwaartse draai van haar gewrig, ontbloot sy haar prys en laat haarself kwesbaar naak.

Amanda kruip tussen die koel lakens in, maar die rusteloosheid wil haar net nie uitlos nie. Haar ‘prys’, soos haar ma haar geleer het, voel “wakker”. Haar bedekking

ontneemde vel, word konstant met ’n heerlike ‘warm-koud’ sensasie geprikkel. Sy draai dié kant toe en lê daardie kant toe, maar geen posisie bring vir haar verligting van haar prys se roep nie. Dit vat nie lank nie of haar slaapklere en onderbroekie waai , maar die prikkel gevoel raak net al hoe dieper en duideliker.

Amanda het eers babapoeier opgestrooi om die jeuk gevoel te verminder, maar dit is nie die tipe jeuk wat babapoeier nodig kry nie. Dié jeuk het aandag nodig. Aanraking. Liefde. Penetrasie. Sy was vinnig die babapoeier met ’n klam waslap af. Die afvee met die waslap laat haar bene bewe en sy moet vashou aan die wasbak. Sy het nog nooit so gevoel nie. Duiselig, deurmekaar, bang, maar lekker. ’n “Lekker” wat sy verder moes verken. Sy neem die waslappie saam bed toe en vir eers los sy die koue nat waslappie oop gesprei op haar geskeerde naaktheid.

Sy kon voel hoe die natheid van die waslappie haar eie natheid aanhits. Met die waslappie tussen haar prys en haar hand, streel dit haar op nét die regte manier. Sy kan elke liewe materiaal haartjie op die waslappie voel soos dit oor haar skoongeskeerde vulva streel. Met haar linker hand trek sy aan die kant van haar been dat haar lippe weier oopskuif. Die vel onder die waslappie skuif weg en Amanda snak na haar asem soos wat die koudheid en tekstuur van die waslappie haar klitoris soen.

Die kontak op haar plesier knoppie hou haar vir ’n hele ruk in ’n trans. Dit voel kompleet of haar klitoris lewendig raak, aan haar vasklou en soebat om nooit te laat los nie. Dit voel soos jare gelede wat haar klitoris só aangeraak is en reageer het.

Amanda beweeg ritmies dieper en dieper in haar plesier trans in. Met haar hand, manipuleer sy die waslappie só om aan haar vrouedele se elke behoefte en begeerte te voldoen.

Amanda kon voel hoe die plesier jeuk eweskielik skuif. Die sensasie en sensitiwiteit aan die buite kant het weer terug geval tot normaliteit. Die klop kom nou van binne haar. Haar vagina begin hyg met die boodskap “Kom in.” Haar gedagtes het dadelik en sonder enige vrye wil na Gerhard Labuschagne geskuif. Sy donker oë wat haar plesier op haar gesig fyn dophou. Sy vingers wat oor haar tempel *opgerigte* borste streel. Sy glimlag wat haar plesier goedkeur bo sy eie. Sy manheid wat haar indring en volmaak.

Die hand wat die waslappie vashou, is nou ŉ verlenging van haar ‘Gerhard Labuschagne fantasie’. Sy stoot eers net haar middelvinger in, maar haar vagina is ontevrede. Sy wil nog hê. Sy wil vol voel. Haar wysvinger glip langs haar middelvinger in. Nog! Haar duim en haar ringvinger span saam om vleis aan haar fantasie te gee. Haar blom dans van plesier met ŉ ‘in-en-uit-gehyg’. Sy kan die kontraksies op haar vingers voel, hoe sy Gerhard dieper en dieper probeer insuig.

Met een finale ‘vier-vinger’ stoot, gee haar liggaam oor aan die plesier golf wat haar orgasme aankondig. Dit kring uit vanuit haar sopnat fontein tot haar hele lyf. Haar tone krul om. Haar maagspiere trek saam. Haar kop word van die kussing opgelig en vir daardie millisekonde is elke spier in haar liggaam saamgetrek, in harmonie, in samewerking, in die piek van orgasmiese plesier. Haar kop val terug op die verekussing, haar maagspiere ontspan en haar bene val oop,

en net só met haar hand nog deel van haar, neem die plesier trans haar tot in 'n diep rustige slaap waar haar siel vrede met die wêreld om haar vind.

**Hoofstuk 7**

Daniël het gewag tot Petrus in sy R.E.M slaap in gegaan het voordat hy die gestoorde liefde-gedragspatrone oopgemaak het. “Die liefde is daar vir Amanda, maar dit vloei net nie deur tot haar nie. Slegs Moeksie kan deur al Petrus se filters breek om toegang te kry tot daardie ware liefdevolle warm Petrus.” Het Daniël aan homself opgesom.

*< > Amanda = Moeksie ? </>* Daniël het so paar kruisverwysings gemaak tussen Amanda en Moeksie om te sien of daar enige sigbare verskille is wat hierdie uiteenlopende gedragsmotiveringskodes, moontlik kan verduidelik.

< > Vader... </>

Die kruisverwyssing het elke keer op sy vader neergekom as die oorsaak. Toe Daniël die vader-herinneringsmerker probeer oopmaak het Petrus se kode hom geblok. Petrus het hierdie deel van sy kinderjare diep in sy onderbewuste gebêre. Hierdie programmeringsuitdaging het Daniël de Lange amper net soveel geniet soos seks.

Dit het Daniël byna twee ure geneem om deur te breek en al Petrus se kinderjare herinnering rondom sy pa se behandeling van sy ma oop te sluit. Daniël het besef as hy so diep in Petrus se onderbewuste ingaan, hy dit nie sal kan wegsteek soos met sy vorige rondkrappery nie. Elke herinnering van sy pa het opgeborrel vanaf sy onderdrukte geheue deur sy onderbewuste tot sy R.E.M slaap in die vorm van drome.

Dáár lê die wortel. Die blok. Die rede vir Petrus se terughouding vir sy liefde vir Amanda, maar die vrylike vloei na Moeksie toe.

Daniël se pa was 'n onemosionele buffel en het sy ma soos 'n hond behandel. Nie die tipe hond wat jy sal skop en wegjaag nie, maar op jou skoot sal toe laat en saam vir 'n stap neem en selfs in jou bed laat slaap. Maar elke keer wanneer hierdie hond op sy agterpote staan en haar eie opinie lewer, sal Petrus se pa vinnig die hond wys wie die baas is.

Petrus het groot geword om te sien hoe sy pa geen respek vir die vroulike gesag het nie. Dit is iets wat net Petrus kon raaksien. Al die ander mense het opgekyk na sy pa en hulle huwelik. Hy was 'n gesiene man in die gemeenskap. Hoofouderling in die kerk. Gerespekteerde sakeman en mentor aan baie. Niemand het óóit 'n slegte woord van Petrus se pa gepraat nie, en sou nog minder enige iets negatiefs oor hom geglo het.

Maar Petrus het sy pa se ware klere gesien. Agter die geslote deure, die manier hoe hy met sy vrou gepraat het, die manier hoe hy sy vrou behandel het. Die hoeveelheid kere wat hy, as jong seun sy ma moes troos, nie omdat sy ooit gewys het dat sy troos nodig gehad het nie, maar omdat hy haar jammer gekry het. Geen vrou moet só behandel en mee gepraat word nie.

Petrus skrik wakker in 'n koue sweet soos wat hy die lakens van hom afruk.

"Dit is ék!" Sê hy kliphard vir homself.

"Dit is ék! Ek is net soos my pa!"

Petrus het vir die eerste keer besef die gedrag wat hy gehaat het in sy pa, hoe sy pa sy ma behandel het, is presies dieselfde manier hoe hy Amanda behandel. Hy kon dit nog nooit raaksien nie. Al waarin Petrus kon vaskyk is hoe lief hy vir Amanda is, maar hy was nooit geleer hoe om respek vir 'n vrou te hê nie.

< > *Liefde is nie genoeg nie! Liefde én respek is nodig!* </> Het Daniël de Lange diep in Petrus Potgieter se onderbewuste herprogrammeer.

< > *Respek vir die vrou is om haar as 'n gelyke te sien.* </> Het Daniël bygevoeg.

Die enigste rede hoekom Petrus sy liefde aan Moeksie kon wys, is omdat hy respek gehad het vir sy moeder en omdat sy nooit sleg gepraat het van haar man nie, omdat sy hom altyd met liefde en respek bedien het. Sy het al haar man se stront opgevreet en steeds het sy 'n glimlag op haar gesig gehad. Petrus het respek vir sy Moeksie gehad omdat sy pa geen respek vir vrouens gehad het nie.

Petrus het op die bed gesit met sy gesig in sy hande gebêre en hardop begin ween. "Liefde is nie genoeg nie! Liefde én respek is nodig." Het Petrus tussen deur die huilery aan homself gesê.

Gerhard en al die redenaarskinders is alreeds halfpad deur hulle ontbyt toe Amanda in die eetsaal instap. Amanda loop verby haar twee seuns en gee elke een 'n soen op die kop voordat sy haar plek oorkant meneer Labuschagne inneem.

"Lekker geslaap?" Vra Gerhard, terwyl hy sy roosterbrood botter.

"Weet jy? Dit was die lekkerste slaap wat ek al in 'n lank tyd gehad het. Ek voel fantasties." Antwoord Amanda terwyl sy haar hare in 'n poniestert vasmaak.

"Jy moet dit meer los dra. Dit pas jou goed."

Amanda glimlag skaam terwyl sy dadelik haar hare weer losmaak, sodat dit vrylik oor haar skouers val "Dan sal ek dit van nou af doen. Dankie."

Amanda het wakker geword met 'n nuwe selfvertroue en selfrespek. Sy kon voel hoe sy haar eie identiteit terug gekry het. Sy het nie Petrus nodig om haar op te bou nie. Sy is 'n *sexy* vrou, sy was nog altyd 'n *sexy* vrou. Sy het dit net oor die laaste paar jaar vergeet. Van nou af lewe sy vir haarself.

"Ek hoop nie jy gee om nie, ek het die kinders opgedeel in groepe en vir hulle gevra om solank te oefen op hulle eie, terwyl ek en jy op 'n *game-drive* gaan."

"Gerhard," Amanda skuif haar bord eenkant toe en tel haar mimosa op, "Ek dink dit is 'n fantastiese idee."

"Hierdie is nie dieselfde vrou met wie hy oor die foon gepraat het nie en wie hy langs die sportvelde mee gepraat het nie.

Hierdie weergawe herinner hom meer aan die *speech queen* wie hy van skooldae af bewonder het," het Gerhard gedink

So vêr soos wat diere gewys gaan, was die *game-drive* 'n absolute flop, maar dit was een wat Amanda nooit sal vergeet nie. Sy en Gerhard was die enigste persone in die *Land Cruiser*, wat vir mekaar die nodige tyd en privaatheid gegee het om stories van hulle mislukte en ongelukkige huwelike met mekaar te deel. Met elke sin het Amanda sy hand stywer vasgehou en meer intiem in sy sagte blou oë gekyk. Sy kan nie onthou wie eerste nader geskuif het toe hulle by die watergat stil hou nie, maar die oomblik toe hulle lippe mekaar raak het albei se emosionele seer en pyn vir 'n oomblik verdwyn. Die sagte aanraking van hulle lippe was 'n liggaamlike weerspieëling van die empatie wat hulle vir mekaar se hartseer het. Gerhard het sy hand op haar wang gesit en haar aanhou soen. Sy aanraking het elektrisiteit deur haar lyf gestuur. Sy het haar hand bo-op sy hand gesit en dit afgetrek soos wat sy weggetrek het van sy passievolle soene.

"Gerhard,..." sy het met haar ander hand syne omvou, "Ek is getroud."

"Jy is ongelukkig getroud." Het hy haar probeer herinner.

"Ek weet nie wat ek gehoop  het sou gebeur op die wegbreek nie, maar as ek vir iets kon hoop, sou dit nie só perfek gewees het soos wat hierdie oomblik is nie. Jy het my weer myself laat raaksien, iets wat ek vir lank vergeet het hoé om te doen. In 'n ander leeftyd dalk, maar ek het besef ek is nie daardie tipe vrou wat op haar man verneuk nie."

Gerhard het sy ander hand op Amanda s'n geplaas. "Ek moes geweet het dat jou karakter nie dieselfde is as my vrou s'n nie. Jammer as ek,..."

"Sshh!" Het sy hom stil gemaak. "Daar is niks om voor jammer te sê nie. Ek is bly jy het my genooi, ek is bly jy het my raak gesien, ek is bly jy het my gesoen en ek is bly jy het my begeer. Maar ek is nog nie reg om heeltemal op te gee op my huwelik nie. Petrus is 'n onemosionele buffel, ja, maar hy is my onemosionele buffel."

"Maar hoe kan jy in 'n huwelik bly waarin jy nie waardeer word nie?" Gerhard het dit gevra as 'n vriend en nie as 'n man wat die vrou wou manipuleer om in haar broek te spring nie.

"Ek gaan eenvoudig net nie meer sy stront opvreet nie. Ek gaan terugkeer tot my 'ou' self. Die selfversekerde vrou wie ek was toe ek en Petrus ontmoet het. En as dit nie werk nie, kan Petrus mý skei en op mý verneuk, maar ek is nie daardie tipe vrou nie."

Gerhard het vir haar 'n glimlag van aanvaarding en respek gegee. "Dankie, vir jou ook. Vir die soen, en ook vir die remme." Sy het terug geglimlag.

Amanda het sy hand vasgedruk net voordat sy dit gelos het. Die res van die week het hulle net gefokus om die kinders se praatjies reg te kry vir die redenaarsfinaal.

**Hoofstuk 8**

Per ooreenkoms is Amanda alleen terug huis toe, terwyl die seuns direk na Moeksie op die plaas is. *Phumuza* was alreeds halfpad plaas toe. Amanda het in stilte terug gery, wat sy waardeer het. Dit het vir haar kans gegee om te beplan wat sy vir Petrus sou sê wanneer sy terug by die huis aangekom het.

"Dinge gaan verander." Sy het haar keel skoongemaak. "Liewe Petrus." Het sy besluit is 'n beter manier om te begin. "Dinge gaan verander." Tevrede met die openingsorde het sy voortgegaan om haar praatjie in die kar te oefen.

"Ek hou glad nie van die vrou waarin ek die laaste paar jaar in verander het nie. Ek herken nie eers myself mee nie. Ek was dan altyd so vol selfvertroue en vol lewenslus. Nee, ek sê nie dit is alles joú skuld nie, Petrus." Het sy haarself reggemaak vir sy reaksie.

"Ék is die een wat toegelaat het dat ek my selfwaarde aan jou oorhandig het. Dat ek afhanklik geword het van die manier hoe jy met my praat en my behandel. Ek het hierdie week besef, dat ek nog nie dood is binne my nie. Ek is steeds baie lief vir jou, maar ek gaan nie meer toelaat dat ek as mens verdwyn net omdat jy nie my kan waardeer en respekteer nie."

Sy het nog 'n sluk van haar *RedBull* geneem. Nie omdat sy wakker wou bly nie, maar omdat haar adrenalien alreeds opgestook was, was dit die koeldrank waarvoor sy lus was, en van nou af gaan sy doen, sê en kry waarvoor sy lus is.

“So as jy net ’n vroutjie soek wat gaan ‘ja-en-amen” vir alles wat jy sê en tevrede gaan wees om ’n bediende in jou lewe te speel, moet jy maar iemand anderste soek, want dit gaan nie meer ek wees nie. Ek is die ma van jou seuns. Ek is jou vrou. Ek is jou gelyke.” Tevrede met hoe dit vir haar klink het sy die res van die *RedBull* in een sluk op gedrink en een van haar seuns se *rock* musiek CD’s kliphard aangeskakel.

Petrus het vir Amanda by die voordeur ingewag. Sy het dadelik op hom afgestap, met haar woorde reeds geoefen in haar kop. Maar nog voordat sy enige iets kon sê, soen hy haar. Met die kontak kap haar lip teen haar tande. Petrus het met ’n bietjie té veel ywer ingekom vir die soen.

“Amanda.” Petrus maak sy keel skoon en vryf ook sy lip van die stamp soen.

“Petrus, ek het...” Amanda begin praat, maar hy stop haar.

“Asseblief, ek het nodig om eers iets te sê.” Petrus plaas sy groot hande op haar naakte skouers.

“Nou maar goed, ek luister.”

“Ek het nodig om vir jou om verskoning te vra. Ek het teenoor jou gesondig.” Hy kon haar nie meer in die oë kyk nie, maar hou aan praat. “Ek het jou nie reg behandel nie. Ek het die laaste week besef dat liefde is nie genoeg nie. Want... dit was ek jou nog altyd. Lief. Jy moet dit glo. Ek was nog altyd lief vir jou.”

Daniël het Petrus weer forseer om oogkontak te maak. Daniël was eintlik baie beïndruk met hoe vinnig Petrus gereageer het tot die herprogrammering. “Liefde is nie genoeg nie, maar dit help verseker as liefde alreeds daar is.” Het Daniël aan homself verkondig.

“Die ding wat ek die meeste gehaat het in die lewe is wat ek onbewustelik aan jou gedoen het. Ek het my pa gehaat vir die manier hoe hy my ma behandel het en met haar gepraat het, net om ook in my pa te verander.” Die laaste paar woorde het Petrus mee gesukkel en het begin huil.

Dit het Amanda heeltemal onkant gevang, as sy nie alreeds verras genoeg was nie, kon sy ook nie onthou wanneer laas sy Petrus gesien huil het nie. Sy het in sy arms ingeloop en hom net styf vasgehou.

“Ek was nog altyd lief vir jou, maar van vandag af gaan ek jou ook begin respekteer.”

Daniël het terug gesit en gewag vir enige verwerping of blokkasie van die ou Petrus gedragspatroon, maar daar was niks. Die herprogrammering was suksesvol. Die teiken-persoon het suksesvol ’n opgradering van sy gedragsmotiveringskode ondergaan. Daniël het vir ’n oomblik dit oorweeg of hy nou al sy interaksie sal termineer en die Potgieters aan hulle eie vrye wil oorlaat, maar het toe daarteen besluit. Daar was nog een area waarmee Petrus, Daniël de Lange, liefdesheld, se hulp kon mee doen. Daniël het alreeds so paar ekstra programme in Petrus se “voorspel” lêer geskep.

Petrus het sy arms styf om Amanda se lyf gesit terwyl hy nog saggies in haar nek huil gehuil het. Amanda het met haar kop skuins teen sy breë bors geleen. Die ritme van sy hartklop neem haar terug tot hulle hoërskool dae. Met elke hartklop laat sy haarself toe om al hoe dieper in sy liefde vir haar weg te sink.

"Dankie my lief. Dit is al wat ek wou hoor." Daar het niks van Amanda se voorbereide praatjie oorgebly nie. Sy voel wel hoe daar 'n honderd ander vrae in haar gedagtes opkom. Hoekom?  Waarom? Wat het gebeur? Hoe het jy dit besef? Wat het Moeksie gesê?  Maar Amanda het nie toegelaat dat enige van die vrae, by hierdie oomblik van haar en Petrus steel nie. Sy gee haarself oor tot die oomblik. En wat 'n lekker oomblik was dit nie.

Petrus het eerste die omhels verbreek en haar by die hand in die huis ingelei. "Kom, ek het 'n verrassing vir jou." Het hy met die mees sagtheid gesê wat Amanda al ooit van hom gehoor het. Petrus lei haar na hulle badkamer toe, waar hy alreeds 'n borrelbad vir haar voorberei het. Gegeurde kerse is orals rondom die bad geplaas  en hulle flikker van sy omvergifnes.

Amanda laat haarself toe om soos 'n jong dame gelei te word deur 'n duidelik voorafbeplande roetine, maar oor hierdie roetine gee sy glad nie om nie. Sy gaan staan voor hom en sê niks nie, net met haar sagte oë en effe glimlag moedig sy hom aan en waardeer sy hom. Petrus begin haar hemp se knopies losmaak. Sy kan die gevoel van opgewondenheid voel soos dit deur haar liggaam skiet. Hy laat haar hemp

oophang en bewonder haar ferm naaktheid. Sy lyk werklik goed vir ’n vrou wat reeds in haar veertigs is. Amanda kan voel hoe haar natuurlike instink inskop om met haar hande haar maag toe te maak, maar sy weerstaan dit. “Gelukkig het ek my sexy bra aan”, dink Amanda by haarself soos wat sy afkyk, oor haar borste, verby haar maag wat sy nie bedek het nie, tot waar Petrus op sy een knieg besig is om haar broek se ritssluiter oop te trek. Nog ’n flits van opgewondenheid deurpyl haar liggaam. Dié keer ’n bietjie laer as die vorige een. Hy trek haar broek af en los haar *panty* vir eers aan.

*< > Stadig. Neem jou tyd. </>* Help Daniël de Lange vir Petrus.

*< > Liggaam. Siel. Liggaam. Siel. Wissel af tussen jou begeerte tot haar lyf met jou begeerte tot die mens wie sy binne die lyf is. </>* “Liefde is hoe jy oor haar voel, maar respek is hoe jy dit aan haar bewys.” Proklameer Daniël dit aan homself en aan Petrus.

Petrus het op gestaan en Amanda saggies begin soen. Sy het al vergeet hoe lekker hy wel kan soen. Ooh, sy het hierdie gemis. Sy moes teen haar begeertes veg om hom teen die badkamer kassie te stamp, sy klere af te ruk en sy volledige manheid te absorbeer. In plaas daarvan gee sy haarself oor tot Petrus se loskoop van sy jare lange afskeep van haar.

Sy verloor haarself in sy soene, en net toe sy dit nie meer kon hou nie, skuif Petrus sy soene tot haar nek. Dit het haar tussen twee gedagtes en twee begeertes gelos; “Hou aan om my op my mond te soen, maar moet nie ophou met wat jy nou besig is nie.”

Amanda kan voel hoe Petrus se soen besig is om in 'n *hickey* te verander, maar nog voordat haar inhibisies hom kon keer, het sy dit laat gaan. Daar is iets bevrydend om een te ontvang. Hy het haar hemp af getrek en haar skouer gesoen, reg rondom haar *bra-strap*. Met sy strelende vingers laat hy dit afgly van haar skouers af. Haar borste het gesak met die verlies van die bra se ondersteuning en weer kon sy voel hoe haar verdedigingsmeganisme inskop om haar borste te bedek. Maar sy doen dit ook nie. Sy gee oor en laat toe dat haar borste hang onder hulle eie gewig.

Petrus se soene het beweeg na haar borste toe en in 'n oomblik van passie gooi Amanda haar kop terug en laat haar oë omrol van plesier en oorgawe in die oomblik. Nog 'n flits van opgewondenheid skiet deur haar lyf. Dié keer voel sy dit nie in 'n spesifieke plek nie, maar dit vibreer deur haar hele liggaam.

Petrus het sy tyd geneem en stadig maar seker sy soen-pad gemaak van haar borste oor haar maag tot die bokant van haar panty.

Amanda kon voel hoe hy sy duime in haar broekie inglip en dit stadig van haar lyf aftrek. Met eens onthou sy dat sy skoon geskeer is en instinktief probeer sy dit bedek, maar haar arms is gevries in 'n seksuele opwekkingstrans. Sy bied geen weerstand nie en het haar skouers opgetrek met trots soos sy haar naaktheid aan Petrus toon.

“Wow!” Petrus uiter sy eerste woorde vandat hy haar in die badkamer ingelei het.

"Wow." Sê hy weer oor Amanda se skoon geskeerde vrouheid.

"Wow." Hy hou op met die soene en maak ruimte vir sy oë om op sy vrou te fokus, hy het haar nog nooit so gesien nie, maar al baie daarvoor geskimp. "Wow."

*< > Stadig. Neem jou tyd. </>* Daniël beklemtoon dit weer soos wat hy sien Petrus se opwekkings besig was om buite die beheer van die bewuste uit te styg. Maar dit is te vergeefs. Petrus kon nie meer sy begeerte wat nou soos vuur in hom brand om sy vrou te vat keer nie. Hy gee haar een groot en laaste soen op haar skoongeskeerde skaamlippe, net lank genoeg dat hy haar muskus smaak kon proe tussen haar en sy lippe.

Soos hy opstaan gryp hy haar by haar heupe en swaai haar om sodat sy na die wasbak gedraai is. Hy gryp na sy eie gulp net om Amanda se hande reeds daar te vind, desperaat om sy vasgevangde penis los te laat, vry te laat om haar een met hom te maak. Petrus kan voel hoe elke moontlike beskikbare spaar bloed in sy liggaam, sy penis ingevloei het. Dit smeek na aandag. Smeek om van die vlamme wat op sy manlikheid dans, geblus te word deur sy vrou se natheid.

Amanda snak na haar asem soos sy Petrus ontvang en hy haar liggaam en siel vul met sy liefde en respek.

Daniël de Lange spandeer die aand en die volgende oggend saam met die Potgieters , voordat hy sy program in Petrus Potgieter uitwis.

*< > Termineer Daniël de Lange </>*

## EPILOOG

“Goeie môre my liefie”, Daniël maaksy oë stadig oop en laat ’n wakker-word kreun uit. Die buitelyne van sy vrou vul sy babbelas visie. Hy voel haar sagte hand op sy ongeskeerde baard. Hy laat val sy ooglede weer onder die swaarheid van moeilik wakker word. Hy voel haar lippe op syne. Hy los sy oë toe en maak sy mond oop om die punt van haar tong te verwelkom.

Daniël se siel vind vrede met die nabyheid van sy vrou. Hy kan voel hoe haar soene hom uit die wêreld van die dooies opwerk en inlei tot die wêreld van die lewendiges. Hy sit regop terwyl hy haar steeds in ’n soengreep het. Daar is geen teken van moegheid en lus vir slaap nou meer in Daniël se hart en oë nie. Hy swaai sy vrou om en laat haar op sy kussing val terwyl hy bo haar sit en haar hande langs haar kop vaspen.

Hy trek weg van haar soen wat sý soen geword het en laat toe dat haar gesig in fokus kom.

Vrees vul Daniël se hart soos ’n tsunami terwyl angs hom om sy keel wurg. “Jy is nie my vrou nie! Wat het jy met my vrou gemaak? Waar is Lené? Waar is my vrou? Waar is Lené de Lange?”

“Rustig my liefie! Dis ek! Alles is nou okay. Jy is nou saam met my.” Probeer sy hom te rus stel.

“Nee! Nee! Jy is nie Lené nie! Jy is nie my vrou nie.” Daniël se greep op haar arms begin haar seermaak.

“Liefie, dit was net ’n nare droom. Jy is veilig nou hier saam met my, jou vrou.”

“Jy is nie my vrou nie!” Skree Daniël op haar. “Waar is my vrou? Wat het jy met my vrou gemaak?”

“Eina jy maak my seer.” Sy probeer van onder hom uitkom, maar hy is te sterk vir haar.

“Sê dan vir my wat het jy met Lené gemaak?” Daniël se oë verander in dié van ’n wilde dier s’n.

“Dis, ek jou vrou. Amanda de Lange.”

“Nee! Nee! My vrou se naam is Lené.” Daniël spring met sy knieë op haar bors. Hy kon hoor hoe haar ribbebene breek onder sy volle gewig. Net soos wat Daniël haar kop begin skud voel hy hoe hulle altwee deur die bed val, deur die vloer van hulle slaapkamer, deur die fondasie van hulle huis tot op die teerpad buite hulle gunsteling koffie plek “*Roasts and Rusks*”.

Daniël huil so hard dat hy sukkel om asem te haal, terwyl hy sy vrou, Lené se lewelose liggaam in sy arms vashou. Die ongeluk het reg voor hom gebeur. Die man in die motor was op sy selfoon besig en het nie eers sy voet van die pedaal afgehaal nie. Lené het niks gevoel nie. Daniël het alles gevoel. Die pyn in sy hart is genoeg om sy binneste in mekaar te laat ontplof.

“Help! Here! Help! Iemand help my vrou asseblief, help!” Het Daniël gepleit aan God en aan die wêreld.

“Daniël, ek is hier vir jou. Jy is veilig hier in my kantoor. Luister na my stem. Jy ken my stem. My naam is Dr Stefanus Buitendag. Jy is veilig nou. Jy is in beheer. Jy weet wat jy moet doen. Ons het al hierdeur gewerk. Jy ken al die tegnieke. Haal asem. Fokus net op jou asemhaling.” Die kalm diep stem van Dr Stefanus Buitendag begin Daniël se wêreld vul.

“Jy weet wat jy moet doen, Daniël.”

Daniël kan voel hoe hy weer by sy bewuste bykom. “Maar ek mis haar so baie.”

“Ek weet. Jy mag haar mis.” Die doktor huiwer vir ’n oomblik. “Maar jy kan nie aan haar vasklou nie.” Die doktor gee ’n kans vir Daniël om dit te prosesseer. “Jy kon haar nie red nie.” Nog ’n oomblik van wag. “Sy is dood in hierdie wêreld. Jy moet haar laat gaan.” Dr Stefanus begin sy sinne sinkroniseer met Daniël se diep asemhaling. “Sy sal altyd in jou hart lewe, maar net as jy haar in hierdie wêreld laat gaan.” Daniël se asemhaling raak al hoe rustiger soos hy deur die tegnieke werk wat hulle al oor die jare geoefen het. “So lank soos wat jy aanhou om huwelike te red, sal jy haar nagedagtenis eer en sal sy in jou hart ewig bly leef.”

“Hallo my liefie.”

Trane loop by Daniël se wange af soos sy vrou, Lené de Lange, langs hom in die bed lê. “Ek is só trots op jou. Hierdie program wat jy geskryf het, gaan duisende mense se huwelike red.” Hy kan haar warm lippe op syne voel. “Daniël de Lange, my liefdesheld.”

“Jy okay?” Vra Dr Stefanus Buitendag terwyl Daniël regop sit en ’n sluk van sy glas water neem.

“Ja. Hoe lank was ek die keer onder gewees?” Daniël vee die droë trane van sy oë af.

“Hierdie was maar dieselfde as al jou vorige hipnoterapie sessies.” Stel Dr Stefanus hom gerus.

“Hierdie keer het lank gevoel.” Sê Daniël terwyl hy opstaan.

Die doktor vergesel Daniël tot by die deur. “Hulle almal doen, ja, maar jy is al ’n pro. Jy hanteer dit baie goed, baie beter as van my ander kliënte. Jy moet hierdie ander paartjie van my sien. My goeiste wat ’n tameletjie.” Dr Stefanus hou Daniël se hand vas terwyl hulle groet.

“O ja?”

“Ek se jou, die Van Rooyen’s sal goed doen om van jou te leer.” Dr Stefanus los Daniël se hand met ’n oogwink en ’n slinkse glimlag.

**Gesonde Seks Edurotica**

**“Liefde en Respek”**

*Boek #1 in die Daniël de Lange – Liefdesheld reeks.*

**Gesonde Seks Besprekingspunte:**

1. Voel jy dat seks jou huweliksplig is? Waarom?
2. Voel jy ook soos Amanda skaam oor jou genetalia en dat dit iets is om weg te steek? Waarom?
3. Sou jy voortgaan met seks as jy sien jou maat is ongelukkig of huil gedurende seks?
4. Hoe het jy gevoel oor Petrus se opmerking oor Amanda se ‘tuin’ wat ‘woes groei’?
5. Wat word van jou verwag tydens seks? Wat verwag jy van jou maat?
6. Hoe goed dink jy ken jy jou ware self sonder jou masker of voorgee?
7. Hoe voel jy oor Amanda wat Petrus se buffelagtige gedrag regverdig deur te se ‘Maar ten minste slaan hy my nie?
8. Hoe voel jy oor die protokol, mites en reëls van ’n huwelik wat van generasie na generasie oorgedra word deur ouers?
9. Identifiseer jy met Petrus of Amanda of nie een van die karakters nie?

10. Noem drie eienskappe van die karakter waarmee jy identifieer en 3 eienskappe van die karakter wat jy in jou maat raaksien. Bespreek dit met mekaar

11. Dink jy 'n emosionele uitgehongerde persoon is meer kwesbaar om in te gee vir ander se mooi woorde en troos? Hoe voel jy daaroor?

12. Hoekom dink jy het Amanda geïrriteerd gevoel met Petrus se arm om haar die oggend nadat Daniël sy eerste programeringswerk gedoen het?

13. Moet ons met mekaar praat oor dinge wat ons ongelukkig maak of sien jy dit as onnodig kla?

14. Dink jy ons harte kan iets voel (positief) maar ons kop skop vas as gevolg van vorige teleurstelling? Hoe sal jy dit oplos?

15. Glo jy die man moet sterk en *matcho* wees ten alle tye?

16. Hoe beïnvloed ons sienings ons keuses en gedrag?

17. Voel jy dat jy soms soos jou Ma of jou Pa optree en voel jy skaam of trots daarop?

18. Hoe voel jy oor die feit dat Amanda gevlei gevoel het deur Gerhard se mooi woorde?

19. Is dit vir jou moeilik om mooi woorde te aanvaar omdat jy voel dit is te goed om waar te wees? Hoekom?

20. Dink jy, jy reageer meer op jou maat se gedrag, eerder as op dit wat hul eintlik sê en voel?
21. Was Amanda se jaloesie regverdig oor Petrus se ma?
22. Alhoewel Amanda ’n gesonde seksualiteit het, het Petrus se gedrag haar dood laat voel. Is dit moontlik om nié van seks te hou, as gevolg van jou maat se gedrag en emosie teenoor jou nie?
23. Hoe het jy gevoel toe Amanda masturbeer?
24. Dink jy dat ’n kopskuif, ’n dieper kyk na dinge, jou die situasie anders kan laat sien?
25. Dink jy Amanda het die regte keuse gemaak om vir Gerhard nee te sê?
26. Stem jy saam dat albei persone in ’n verhouding bydra om dit te laat werk of die ondergang te veroorsaak
27. Hoe voel jy oor Petrus se realisering van sy fout en omdraai van dinge? Dink jy hy verdien ’n tweede kans?
28. Hoe voel jy oor tweede kanse na ’n groot fout of seermaak in’n verhouding?